

31 Januarie

Wat 'n wonderlike vooruitsig! God woon by sy kinders in 'n wêreld sonder trane, dood, smart en pyn

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8
Fokusgedeelte: Openbaring 21:3-4**

Is daar nog hoop in 'n wêreld wat toenemend deur geweld, plaasmoorde, sedelike verval en openlike verwerping van God en sy gebod gekenmerk word? Die koerante en televisie basuin dit daagliks uit, en dan wonder ons of God nog in beheer is.

In ons teksgedeelte bevestig God dat Hy nog in beheer is en dat Hy heers oor die kerk, die heelal en die geskiedenis. Daar is beslis hoop vir 'n wêreld wat onder die gevolge van die sonde ly. God wys ons op die wonderlike vooruitsig wat op sy kinders wag. Jesus Christus het aan die kruis en deur sy opstanding die breuk wat deur die sonde veroorsaak is, herstel; die sondegebrokenheid van hierdie wêreld gaan vervang word met 'n nuwe hemel en aarde.

In ons teks sien ons wat die hoogtepunt van hierdie herskeppende werk gaan wees. Alles en almal word nuut! Ons gaan weer in 'n "Paradys" woon soos wat dit was voor die sondeval, in 'n perfekte verhouding met God. Daar gaan geen sonde meer wees nie en die gevolge van die sonde – trane, dood, leed, smart en pyn – sal ook nie meer daar wees nie. Hierdie hoop is net vir God se kinders bedoel, want diegene wat God verwerp, se lot is die ewige verdoemenis.

Wat beteken dit vir ons vir vandag? Moenie moedeloos teen die huidige omstandighede vaskyk nie. Weet dat God in beheer is en dat ons op pad is om saam met God in 'n nuwe wêreld te woon wat nie meer deur die gevolge van die sonde geteister sal word nie.

Sing Skrifberyming 18-6:1, 3 en 4 (Beryming van Openb 31:1-7)

Teologiese Student George van der Walt